Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

17 Augustus 2022
Nuusbrief No 27

Liewe Ouers,
Baie dankie aan ons Lammetjie- en Kalfie-ouers wat 'n heerlike koekverkoping aangebied het. Almal het heerlik gesmul. Ons volgende koekverkoping is 9 September. Die Olifant- en Kameelperdklas gaan dit aanbied.

Herregistrasie vir Parkieland en Inskrywings vir Gr R vir 2023:

- Alle uitstaande vorms moet asseblief teen Vrydag ingedien wees.

Ouma- en Oupadag: 2 September 2022: Projekkode P765
Die reëlings is as volg:

- **U kleuter moet asseblief teen 8:15 by die skool wees om nog pap te kan eet.**
- Vanaf 8:30 tot 9:00 kan ons dan 'n vinnige oefening inkry, en die kleuters rustig kry.
- **Ons het u hulp met die volgende nodig:**
  - Pak asseblief 'n **piekniekmandjie** met iets om teetyd vir u kleuter en gaste spesiaal te maak. Ligte teeverversings en iets te drinke sal voldoende wees. Moet asseblief nie duur eetgerei stuur waarvoor u jammer is nie. Ongelukkies en piekniek loop hand-aan-hand!
  - Ons gaan om die atletiekbaan teen Parkieland se heining piekniek hou. Elke klas se area sal met 'n banier op die heining gemerk wees.
  - U kan reeds Vrydagoggend vanaf 7:00 **voor 8:30** vir u kleuter en sy/haar gaste 'n plekkie op die baan afpen met 'n **sambreel, piekniekkombers, tafeltjie en opvoustoele.** Gazebos werk ook goed vir bietjie koelte.
  - U kan u mandjies met eetgoed in die koelte onder die tafeltjies los, of in Juffrou se klas indien daar nie 'n koeltekol is nie. Merk net asseblief die mandjie sodat Ouma-hulle weet watter mandjie om te neem.
  - Steek 'n **kartonnetjie met u gaste se naam op die sambreel vas** – onthou Ouma en Oupa weet nie waar u vir hulle 'n plekkie gereed gemaak het nie.
  - Maak asseblief ook seker dat elke gas weet in **watter klas u kleuter is!** Dit is baie belangrik, anders voel hulle verbouereerd.
- **Oumas en Oupas moet verdeel tussen die boeties en sussies** as daar meer as een kleinkind in die skool is, aangesien al die klasse se programme gelyktydig plaasvind. Elke kleuter moet asseblief **iemand** in hulle klas teenwoordig hê. Buitekant kan hulle maar sit waar u 'n plek vir hulle voorberei het.
- **Vriendelike versoek – geen mammas en pappas in die klasse nie,** ons klasse is te klein om almal te akkommodeer. Ouers sal alleenlik in die klas toegelaat word indien daar **geen** Grootouer teenwoordig is nie, en u met die onderwyseres vooraf gereël het.
- **Die program vir die oggend verloop as volg:**
  - **8:30 Oupas en Oumas ontvang by die hek aanwysings na die klasse.**
    (Onthou om u ouers in te lig in watter klas u kind is.)
    Koffie en tee in die ingangsportaal.
  - **9:00 Grootouers kom bymekaar in kleuters se klasse vir 'n kort program en 'n geskenkie.**
  - **9:30 Piekniek buite.**

11:00 Kleuters mag saam met Grootouers huis toe gaan (groet eers vir Juffrou).

- **Alle uitstaande R30-betalings en bewyse van betalings vir die geskenkies moet asseblief môre aan die klasonderwyseres oorhandig word. (Onthou, as Mamma of Pappa insit, kry hulle die geskenkie en moet u ook asseblief die betaling maak.)**
- Hou ook in gedagte dat die parkering beperk is, en u gaste dalk ver van die skool af sal moet parkeer. Gaste wat laat opdaag, gaan nog 'n ent na die skool toe moet stap.
- Baie dankie dat u bereid is om u ouers en kleuters te bederf. Wees verseker dat u samewerking opreg waardeer word.
- **Kleuters trek vrolike Lenteklere aan.**
- **ONTHOU DAT DAAR GEEN TOESIG OF NASKOOL NA AFLOOP VAN DIE FUNKSIE IS NIE.**

Spesiale Foto's: Donderdag, Vrydag, Maandag:

- Vir Ouma en Oupa se spesiale geskenkies gaan ons foto's neem en ietsie spesiaal daarmee doen.
- Donderdag 18 Augustus neem ons die Kalfies en Lammetjies af.
- Vrydag 19 Augustus neem ons die Eendjies en Hasies af.
- Maandag 22 Augustus neem ons die Olifante en Kameelperde af.
- Trek asseblief vir die betrokke dae ligte kleure of pastelkleure aan.
- Die gevoel van die foto's gaan "vintage" wees, MAAR MOET ASSEBLIEF NIE KLERE GAAN KOOP NIE, ons neem self die foto's en wil net 'n eenvormige gevoel hê.

Blomplantdag: Vrydag 19 Augustus 2022:

- Vrydag beplan ons weer 'n lekker pretdag by die skool.
- Baie dankie aan Juffrou Jeanne en die studente wat elke week se Prettige Vrydae ("Friday Fun day") se kunswerkies beplan en voorberei en die ingang so pragtig versier. Julle maak Vrydae ekstra prettig!
- Hierdie week plant ons blomplantjies en maak wurmpies vir ons potplantjies.
- Ons kan nie wag nie!

Gedagte vir die week:

"Om net te lewe is nie genoeg nie, sê die Vlinder. Jy het sonskyn, vryheid en blomme nodig."

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥HET♥PRET!♥

Parkieland is stroopsoet!

Ons het die Kalfies en Lammetjies se koekverkoping soos soetkoek opgeëet